Van Zylstraat 2, Posbus 205, Robertson, 6705 * Tel: (023) 626 3140 Faks: (023) 626 3268 * E-pos: sek@herberg.co.za (algemeen) * petro@herberg.co.za (bemarking)

Die Herberg Kinderhuis Nuusbrief

APRIL 2019

www.herberg.co.za No. 1/2019

Die Herberg Kinderhuis, Robertson - 100 jaar oud

5-2-1919 tot 5-2-2019

Op 5 Februarie 1919 word die besluit geneem deur die Ring van Waveren (Tulbagh), om 'n Kinderhuis op te rig na aanleiding van al die weeskinders wat agtergelaat is a.g.v. die Griepepidemie wat in 1918 landwyd gewoed het.
11 Kinders word ingeneem en sorg en beskerming gebied in 'n privaathuis in Whitestraat, Robertson.

Gou het die behoefte gegroei na 'n groter plek a.g.v. die groot nood. Ds. H. P. van der Merwe het met die destydse Minister van Binnelandse Sake samesprekings gevoer en 'n bedrag van R5 000 is bewillig om 'n gebou op te rig. Die Munisipaliteit van Robertson het 2 morg grond langs die Hoopsrivier geskenk vir die oprigting van 'n Kinderhuis. Gedurende 1920 het 60 kinders hul intrek geneem in die nuwe gebou. Gedurende 1950 was daar nog net seuns in die Herberg Kinderhuis.

Gedurende 1956 het 'n groter droom waar geword toe 'n stuk grond wat die Herberg ondertussen bekom het, bestaande uit die plaas Rooihoogte van 4 morg, omgeruil is met 8 morg grond van die Munisipaliteit. Hierdie grond was aangrensend aan die destydse Herberg gronde. Hierdie 10 morg grond is vandag steeds deel van die Herberg Kinder- en Jeugsorgsentrum, Van Zylstraat 2, Robertson. Hier was aanvanklik 'n appelkoosboord wat gedurende 2002 vervang is met die aanplant van wyndruiwe.

Intussen het die ou gebou oneffektief geraak en moes die Beheerraad in samewerking met die Departement Gesondheid, Welsyn en Pensioene 'n nuwe gebou oprig. Op 9 Mei 1980 is die gebou amptelik geopen en is die eiendomme amptelik oorgedra op die naam van die N.G.Kerk van Suid Afrika wat dit vir die Herberg in trust hou. Die nuwe gebou bied huisvesting vir 122 kinders in 8 verskillende huiseenhede wat onder een dak gehuisves word. Die Herberg Kinderhuis is een van die programme van Badisa. Laasgenoemde is die gesamentlike Diensaksie van die NG Kerk en die VGK Kerk in die Kaapprovinsie en bestaan uit ongeveer 150 verskillende programme wat dienste lewer aan kinders, individue, gesinne en bejaardes.
Vandag is ons bevoorreg om met 'n personeelkorps van 36 toegewyde mans en vrouens, 'n alllesomvattende diens aan ons kinders te lewer. Elkeen se bydrae verseker 'n onmisbare diens aan ons kinders. Ons is baie dank verskuldig aan ons donateurs vir wonderlike programme wat ons kinders se totale ontwikkeling help moontlik maak. Hiermee verwys ons na die "Master Maths" wiskunde program, die "Readers are Leaders" asook die "Wise Eye" leesprogramme, die "Butterfly" Projek vir spesialis dienste, die onderwyser se salaris by die Eenheidsklas van Robertson Laerskool, waardeur ons kinders gespesialiseerde hulp ontvang. Hierdie programme verseker dat elke kind op kognitiewe-, emosionele-, sosiale en geestelike terrein die nodige hulp ontvang. Vrywilligers se hulp is onontbeerlik vir die

aanbied van hierdie programme en ons is baie dank verskuldig aan elkeen wat hul tyd en gawes tot ons beskikking stel.
In ons voorportaal hang ons leuse wat op Psalm 127:1 – 3 geskoei is. " as die Here die ***Herberg*** nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die ***Herberg*** nie beskerm nie, waak die wat dit beskerm, tevergeefs. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir die wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap. ***Kinders*** is geskenke van die Here wat deur Hom gegee is".
Ons leuse is "SAAM BOU ONS LEWENS". Oor 100 jaar is daar in duisende kinders se lewens ingebou en wil ons vandag DANKIE sê aan elke persoon wat oor die jare 'n instrument in ons Hemelse Vader se hand was om te verseker dat ons kon bly voortbestaan. Ons is nederig dankbaar teenoor ons Abba Vader vir Sy Voorsiening en Versorging en Sy kinders se tasbare omgee op talle wyses oor die jare.

Kermis

Die Kinderhuis se jaarlikse kermis wat ook plaaslik die grootste fondsinsameling is, het weer plaasgevind op 2 Maart. Dit was 'n besondere dag, omdat ons dié betrokke naweek ook die kinderhuis se honderdjarige bestaansjaar gevier het.

Die Kinderhuis is dankbaar vir al die individue wat die betrokke dag die Kinderhuis kom ondersteun het. Sonder al die gemeentes en individue se bydraes sou dit 'n onmoontlike taak gewees het.
Die vleistafel, ons grootste bron van inkomste, is die betrokke dag weer goed ondersteun deur NGK Buffeljagsrivier en Swellendam gemeenskap waar Jaco van Eeden aan die stuur van sake was sowel as Swellendam Lions en Mega Meat se bydrae vir wors. Hannerie Delport en die gemeenskap van NGK De Rust het weer ruim bygedra met wors, maalvleis, droë-

wors en biltong. Plaaslik het Robertson Abbatoir bygedra met maalvleis en Elim Slaghuis het gehelp met ekstra wors. Die gewilde Napier wors is weer gemaak deur Oom Jurie, Tannie Elma en die Napier gemeenskap. Louis Nel se bydrae tot hierdie tafel word ook baie waardeer. Robertson Spar het vir ons gehelp met die netjiese verpakking van die vleis.
Selfs van oorsee is daar 'n donateur wat geen moeite ontsien het om betrokke te raak by die kermis nie. JB Muller het gereël vir ekstra fondse om by te dra vir die vleistafel, koekies en beskuit en ingelegde produkte.

Danksy Olive Jonker Swart (Meatworths Bonnievale), kon die personeel van Herberg weer heerlike jaffels maak. Die gemmerbier- en roosterkoekstalletjie was baie gewild en voorraad was gou uitverkoop. Pieter en Caro Vermeulen het hierdie afdeling hanteer.

NGK Robertson Oos het gesorg vir die heerlike pannekoeke. Tannie Hannie Neethling van NGK Worcester Moedergemeente het weer gesorg vir heerlike soutgebak. Lourettas het heerlike worsrolletjies voorsien vir hierdie tafel. Die vars gebak tafel het gekreun met heerlike gebak van Worcester Audensberg Gemeente en Ouma se kombuis in die Paarl en Allison Brand.

NGK Riversdal (Cordene Malherbe), NGK Gansbaai (Dries en Susan van Heerden) en Annelise Stofberg het gesorg dat hier genoeg koekies en beskuit was om van te kies.

Daar was heelwat aktiwiteite vir die kinders soos springkastele, perde en perdekarritte (voorsien deur Hansie Volschenk). Die gesigverf was ook baie gewild by die kinders.

Die groente- en vrugtetafel het ook hierdie jaar 'n rekord bedrag ingesamel wat deur Carine Jacobs Le Roux van NGK Villiersdorp beman is. Die gemeenskap van Villiersdorp en omliggende dorpe het weer ruim bygedra. (Roodehoogte Pakstore, Mon Don Pakstore, Rabie Broers, Deon Bruwer, Kobus de Wet, Pieter Beukes Boerdery, Lukas Badenhorst en Natasha Wentzel).

Die broodtafel met verskillende konfyte en olyfprodukte is beman deur Helene van der Merwe van McGregor. Omliggende gemeenskappe het weer ruim bygedra vir die produkte. (Roscherr's konfyt, Olyfberg, Willow Creek, Waverley Hills, Eric Roux, Voor den Berg, Marbrin, The Figary).
'n Groot werk is om die lekkernye te voorsien by die kindertafel. Hilda Horn het haar

uitstekend van haar taak gekwyt en hope verassings gehad vir die kinders.

Tannie Hester Roux en vriende van Agterkliphoogte het gesorg dat daar die heerlikste poeding te koop was; wat 'n groot treffer was.
Angie Hanvenga het van so ver as die Kaap gekom om die Kinderhuis te kom ondersteun met die heerlikste hamburgers en worsbroodjies wat gou uitverkoop was.

Robertson Vryburgers het ook hierdie jaar die kermis kom ondersteun deur "slap chips" te verkoop wat baie gewild was.
Kunstenaars (Shireen Blatt Rabie en Jade McAvinchey) het opgetree en die besoekers van die kermis vermaak met hul pragtige sang.

Patsy du Toit van Ashton het die Kinderhuis se teetuin beman en gesorg dat hier heerlike soet- en sout geregte was om van te kies.
Ander bydraes was Bashews Chill Beverages, Mooivallei Suiwel, La Montanara, Boland Packaging.

'n Hartlike dank aan elke vrywilliger, individu, donateur en gemeente wat ons gehelp het om die kermis suksesvol te kon maak.

BUTTERFLY PROJEK

KOM ONS GEE ONS KINDERS VLERKE OM TE VLIEG.

Gedurende die afgelope aantal jare het die omstandighede waaruit kinders kom wat in die kinderhuis opgeneem word, drasties verander. Kinders gaan deur erge trauma en hartseer vanaf 'n jong ouderdom.

VERWERPING, MISHANDELING, MOLESTERING

Hul ervaar pyn soos selfmoord, verwerping deur ouers / familie en gebrekkige selfwaarde ens.

36 Kinders is geïdentifiseer by Herberg Kinderhuis wat professionele hulp benodig. Help ons asseblief om 'n verskil te maak in hierdie kinders se lewe.

Indien u 'n bydrae wil maak vir hierdie projek, kontak asb vir Petro petro@herberg.co.za of u kan 'n direkte inbetaling doen ABSA, ROBERTSON, REK NR 1200390004, TJEK REK, REK NAAM: HERBERG KINDERHUIS, VERWYSING: "BUTTERFLY PROJEK".

Die Herberg Kinderhuis

Sedert 1919
Ons Bou Lewens

Tjek of inbetaling aan:
Herberg Kinderhuis
Posbus 205
Robertson
6705

Bankbesonderhede:
ABSA, Robertson
Takkode: 334713
Tjekrek. nr. 1200390004

Tel: 023 626 3140
Faks: 023 626 3268
E-pos: petro@herberg.co.za

'n Program van Badisa: 'n Gesamentlike bedieningsaksie van die NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap) en VGKSA (Kaapland)
Geregistreerde Organisasie sonder Winsoogmerk (Registrasienommer: 011-891)

Vir Debietorder en kredietkaart sien agter.

GEMEENTES GEE OM

NGK SWELLENDAM besoek die Kleuterafdeling met verversings en oorhandig vir elkeen 'n geskenkie.
Huis C besoek **NGK WORCESTER MOEDERGEMEENTE** waar hul die dag geniet het met swem en kuier.

NGK VILLIERSDORP se barmhartigheidskommisie kom bederf ons kinders van Die Herberg met heerlike braaivleis. (Tom Lesch skenk wors).

Huis E word deur **NGK WORCESTER VALLEI** by Montagu Guano Cave Resort getrakteer waar hul die warm swembaddens geniet en bederf word met pizzas.

Huis B se seuns word uitgeneem deur **NGK MONTAGU** na Guano Cave Resort waar hulle die dag kon swem en kuier .

Huis B word genooi deur **NGK RIVERSDAL** vir 'n naweek in Hartenbosh. Hul is getrakteer met 'n bootrit, museumbesoek en hulle kon heeldag swem.

ROBERTSON ROUND TABLE

Kinders word bederf deur Robertson Round Table met heerlike worsbroodjies wat vir hul gebraai word. Ons waardeer ons plaaslike organisasies wat 'n verskil in ons kinders se lewe maak en die tyd wat hul opoffer.

DRIVE MORE SAFELY UITSTAPPIE

Danksy Helene van der Merwe van McGregor en Alida Joans Venter (Drive More Safely NPO) is die dogters van Huis C uitgeneem vir 'n uitstappie Kaap toe wat hul nie sommer sal vergeet nie. Vir van die dogters was dit die eerste keer dat hul deur die Du Toitskloof tonnel gery het. Hul uitstappie het die volgende ingesluit: Rit op die Rooibus, besoek aan Kirstenbosch Botaniese Tuine, middagete by Houtbaai by Fish on the Rocks, besoek aan Seepunt speelpark, besoek Scratch Patch in die Waterfront. Die dag is afgesluit met roomys in die Waterfront. Voorwaar 'n belewenis wat die kinders lank sal bybly.

BREI PROJEK

Ons is baie dankbaar teenoor Suna Ester Snyman wat 'n breiprojek van stapel gestuur het om te sorg vir warm handskoene, mussies en serpe vir die kinders vir die winter in Robertson. Gedurende Januarie is daar begin met die breiwerk. Chrismar Villas Senior sentrum se inwoners het elkeen 'n naam van 'n kind gekies vir wie hulle brei. Gedurende Mei is die breiwerk oorhandig. Saprotex het die wol geskenk vir die breiprojek.

THE PRESIDENTS AWARDS (TPA)

Gedurende die week van 25 – 29 Maart het "Breaking the Cycle of Crime" (BCC) 'n program van TPA weer plaasgevind in die Langebergstreek. Dertien deelnemers het deelgeneem waarvan drie Herberg inwoners was. Die deelnemers moes 240 km fietsry (MTB). Dit het baie uithou-vermoë, spanwerk en deursettings-vermoë geverg om dit te voltooi. Ons is trots op ons kinders wat die roete voltooi het en beloon is met 'n medalje.

BYDRAES

'n Hartlike dank aan elke individu en instansie wat 'n bydrae gemaak het vir ons kinders wat nie 'n ander heenkome gehad het gedurende Desember nie. Dit is onmoontlik om elkeen by die naam te noem wie hul harte oopgemaak het vir ons kinders.

As u 'n **Artikel A kwitansie** verlang vir belasting doeleindes, kontak asseblief vir Petro Uren: e-pos petro@herberg.co.za. Dit gebeur soms dat ons nie weet waarheen en aan wie om die bedanking en kwitansie te stuur nie, omdat ons nie u inligting het nie.

Dankie vir elkeen se GROOT VERSKIL wat u in ons kinders se lewens maak. Sonder elkeen se druppel kan die emmer nie vol word nie.

INWONER KRY ONDERWYS GRAAD

Lou-Mare was as drie - jarige dogtertjie opgeneem in die Kinderhuis. Sy het die Kinderhuis op agtienjarige ouderdom verlaat en verder gaan studeer. Sy het haar graad in onderwys aan die Universiteit van Bloemfontein gedurende April 2019 ontvang.

Ons innige dank aan elke individu wat bygedra het om Lou-Mare toe te rus vir die toekoms en daarmee 'n wesenlike verskil gemaak het in hierdie jong vrou se lewe. Ons is ongelooflik trots op haar.

Skenkings aan ons is belastingaftrekbaar

DEBIETORDER MAGTIGING

Bank: .....

Tjekrekening ☐ Transmissierekening ☐ Spaarrekening ☐

Rekeningnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Bankkode ☐☐☐☐☐☐ Naam van Tak .....

Debietorder aftrekmagtiging

Hiermee magtig ek Die Herberg Kinderhuis om die bedrag van R ..... (1.) elke maand (2.) eenmalig uit my rekening te onttrek, totdat ek dit skriftelik kanselleer. Ek versoek my bank om my rekening met die bogenoemde bedrag te debiteer.

Naam: .....

Adres: .....

Handtekening: ..... Datum: .....

NB: Pos / Faks die Debietorder aan ons. Ons verwerk self die inligting.

ROBERTSON PRINT MEDIA 023 626 3487